LAURIKA EN HAAR NUWE NINA

Deur ELISE VAN STADEN

In haar pienk huis hoog teen 'n klipperige kop in Northcliff, Johannesburg, woon LAURIKA RAUCH-TOR saam met haar man, Chris, haar seuntjie, Simon, en haar jongste toevoeging – haar klein Nina.

Julie is weer singtyd vir Laurika met 'n nuwe repertoire.

LAURIKA se pienk huis is gewis haar droomhuis, maar 'n dromer is sy nie. 'n Denker, ja.

Dié kom 'n mens sommer dadelik agter wanneer sy in haar diep, ryk stem oor die telefoon die pad soontoe beduie. Daar is nie sprake van "omtrent soveel strate", of "ek dink dis So-en-so-straat" nie. Sy het die roete al mooi oordink, sy ken hom nou.

En soos haar padbeduiery is die gesprek met Laurika ook – rustig, sonder dubbelsinnighede en sonder die koeitjies en kalfies wat in die pad van diep sake kan kom staan.

Een so 'n diep saak vir haar is haar mense. Wanneer sy oor hulle gesels, loop die mond oor van die hart se lekkerte.

Simon is vyf, dié oggend in die kleuterskool, en regtig 'n staatmaker en hulp met sy nuwe sussie. En die sussie, Nina, is op drie en 'n half maand 'n klein koket wat klaar begin agterkom watter uitwerking haar blou oë op mense het.

Nina bly vir Laurika 'n verrassing. Telkens wanneer die huishulp, Sheila, met die blouoog-meisiekind oor die skouer of in die waentjie verbyloop en Nina haar bewonderaars met 'n glimlag beloon, reageer Laurika verwonderd: "Is sy nie pragtig nie!"

Vir Laurika is haar twee kinders die heerlikste belonings op haar moeilike swangerskappe.

"Simon was 'n koliekbaba, maar in die eerste klompie maande ná sy geboorte het ek genoeg tyd gehad om leeswerk in te haal. Ek het die wonderlikste boeke gelees.

"Maar met Nina saam is daar nie kans vir lees nie. Sy wil jou volle aandag hê, anders raak sy sommer ongeduldig. Maar jy moet ook nie te lus lyk vir gesels nie, anders hou sy dadelik op drink en dan ontaard die voedingtyd in 'n spelery," sê Laurika.

Borsvoeding is een van die sake wat Laurika goed deurdink het, en besluit dat dit die beste vir haar en haar kind is. Sy is ook amptelik 'n lid van die Suid-Afrikaanse borsvoedingvereniging, 'n vereniging wat gestig is ter bevordering van dié natuurlike voeding vir babas en wat sogende ma's met raad en daad bystaan.

Op die oomblik maak die borsvoeding haar bra filosofies, sê Laurika. Dit is 'n natuurlike gevolg wat borsvoeding op sogende ma's het. En oor dié filosofieë lag sy so 'n bietjie.

Maar wanneer sy daaroor begin praat, slaan die erns tog deur. Sy het nou vrede gemaak met te hard probeer. As jy heeltemal opreg optree in jou verhouding met mense, hoef jy jou nie verder te kwel oor wat hulle van jou dink, en of jy nou reg opgetree het, reg gereageer het nie. Dan kan jy die saak laat vaar en weet jy is nie in beheer daarvan nie.

"Dit gee 'n mens volkome kalmte van gemoed.

" 'n Ander filosofie," kom dit half spottend, "is dat niks dieselfde bly nie. Alles is voortdurend aan die verander. Die goeie goed en die slegte goed in jou lewe is aan die beweeg."

Haar voorneme is dus om die lekker van nóú raak te sien en te waardeer.

" 'n Mens is so geneig om by die nabetragting te sê: 'O, dit was darem lekker'. Terwyl jy daar was, het jy dit nooit geniet nie."

En die musiek – wanneer ontbied die verhoog haar weer?

Hierdie tyd net saam met man en kinders tuis was 'n baie lekker blaaskans. Julie word dit egter weer singtyd. Dan neem sy aan Die Standard Bank se nasionale kunsfees in Grahamstad deel.

"Die fees het 'n baie aangename atmosfeer, en ons werk aan 'n nuwe repetoire vir my. Die treffers sal bly, en die nuwe liedjies wat op my nuwe plaat opgeneem sal word, sal ook deel uitmaak van die program."

Nina is op drie en 'n half maand 'n klein koket wat klaar weet watter effek haar blou oë op mense het.

Foto's: Nato Bernard

Nina besluit dat die etenstyd darem nou gans te lank gesloer het, en met die longkapasiteit van 'n sersantmajoor sien sy toe dat stiptheid en orde in die Tor-huishouding geskied.

Laurika verskoon haarself en ek bly met 'n stewige pot koffie in die sitkamer agter.

Die meubelstukke is ingeleef en gemaklik – glad nie swierig of weelderig nie. In 'n vierkantige swaar glasvaas is pienk, pers en geel krisante. Die sitkamer is deurspoel van lig – 'n kenmerk van die hele huis wat sy en Chris spesiaal so van die argitek bestel het, verduidelik Laurika later toe Nina weer soet en versadig haar bekoorlike self is.

Oor aardse goed het Laurika ook al haar gedagtes georden; sy vergaar dit nie om haar nie.

"In my kombuis het ek ses borde, plus nog so 'n paar wittes vir die dae wanneer ek meer as vier gaste kry. En ek het twaalf potte waarin ek bredies of sop voorsit.

"Verder is die meubels in die huis stukke wat ek en Chris nog van ons ouers gekry het, of goed wat vir ons sommer net mooi is. Alles is hier met 'n doel: dit is óf nuttig óf regtig vir ons mooi.

"Ek hou nie goed aan bloot om gaatjies te vul nie."

Die dinge waarvoor sy nie geld betaal het nie, is vir haar die kosbaarste. Die lig wat deur die skuins venster in die dak val, die wye, ver uitsig tot doer by Anglo se diamantgebou in Johannesburg se middestad – dit is die bonus wat sy saam met haar pienk dinkhuis gekry het. □

SARIE MARAIS, 17 JUNIE 1987

SARIE MARAIS, 17 JUNIE 1987